#HoeNou?! – Episode 16: DRAKE

Drake

Waar kom drake vandaan?

Waar kom hierdie mitiese gediertes vandaan en watter belangrike rol speel hulle vandag nog in ons modern kultuur?

Waar kom die woord "draak" vandaan?

Het jy geweet?

- Ons kry die woord via Nederlands, met die oudste optekening reeds in 1133 in die pleknaam *Holedraca*: Hol van die draak, oftewel Grot van die draak.
- Daai *draca* is dan uit Latyn geleen, wat dit weer uit Antieke Grieks gekry het as *drákōn* in die betekenis 'draak' of 'reuseslang' (wat natuurlik dan verklaar hoekom ons ook die Nuwe Testament, wat in Grieks geskryf is, die woord *draak* kry, want dit verwys na die slang, of dan Satan).
- Nog verder terug in tyd hou die woord waarskynlik verband met die PIE **derk-,* wat beteken 'om te kyk/sien'. M.a.w. 'die een wat stip kyk/die een met die dodelike blik' (soos 'n slang).
- Die Engelse *dragon* kom waarskynlik ook van *drakon.*

Wat van *drakonies*, soos in *drakoniese wette*?

- Dit kom direk van die Griekse staatsman Draco of Drakon uit die 7e eeu VHJ.
- Hy was die eerste Griekse staatsman wat die mondelinge wette op skrif vasgelê het.
- Die wette was te streng vir die mense en daarom praat ons vandag steeds van drakoniese wette as wette wat baie streng en onregverdig is.

Interessant:

Dracula van Bram Stoker het die naam uit Roemeens oorgeneem waar dit letterlik beteken 'seun van Dracul' (seun van die draak). Die naam spruit uit die familie-embleem wat 'n draak opgehad het.

Is daar werklik drake?

Nee, maar die draak kom in bykans alle antieke kulture voor.

Een van die oudstes is in die 21ste eeu VHJ in Mesopotamië beskryf.

Drake se ontstaan is gesetel in ons kollektoiewe, instinktiewe vrees vir reptiele.

Daardie diepgewortelde instink en vrees kring uiteindelik uit na ŉ vrees en ontsag vir die natuur en vir die onbekende – dit wat ons nie kan verklaar nie.

Dis ook ‘n manier om vir kinders te leer om versigtig te wees vir slange, onbekende grotte en hole.

Mense het ook na dinosouriërs as drake verwys.

Bronne en lees meer:

- Dragon - Wikipedia
- Draco (lawgiver) - Wikipedia
- Drake:
    - How Dragons Work | HowStuffWorks
    - Why Do We Keep Going Back to Jurassic Park? | Science | Smithsonian Magazine
    - Dragons: A Brief History of the Mythical, Fire-Breathing Beasts | Live Science
    - Where do dragons come from? The psychology of myth, popularity, and obsession - On Medicine (biomedcentral.com)
    - Dragons and their Origins - English Heritage Blog (english-heritage.org.uk)
    - Leviathan - Wikipedia
    - Mušḫuššu - Wikipedia
- Dinomanie:
    - Dinomania: the story of our obsession with dinosaurs | Science and nature books | The Guardian
    - Dinosaur renaissance - Wikipedia
    - Cultural depictions of dinosaurs - Wikipedia
    - The Lost World: The 1912 Novel which Started the Worldwide Dinosaur Craze: Doyle, Arthur Conan: 9781502308818: Amazon.com: Books
    - The brain benefits of your child's dinosaur obsession - CNN
    - Why Do We Keep Going Back to Jurassic Park? | Science | Smithsonian Magazine

BRON EN EIENDOMSREG: GERHARD VAN HUYSSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.